Van Wyk 82

S A N A E 12 IV E60

Liewe Theo,

Ja ek moet seker aan jou al om verskoning vra want dit is regtig 'n groot skande dat jy nog niks van ons gehoor het nie. Allereers wil Arie & ek jou nog baie dankie sê vir die brief wat jy aan ons geskryf het ons was regtig bly om iets van jou te hoor. Arie sê veral baie dankie vir die pragtige koevert met al julle handtekeninge daar op want jy weet hy maak mos seëls bymekaar. Hier in Middelburg ~~ks~~ gaan ~~dog~~ alles voor die wind dit begin nou alweer wat kouer word en mens soek net warm klere maar wat ons sal maar ~~die~~ kla nie want by julle is dit seker nog 'n bietjie kouer. Met die bakhuis gaan ons goed aan op die oomblik is Leendert by ons vir 'n paar weke om vir Arie te kom help. Klein Arietjie loop nou alleen orals net waar hy wil vandag nog het hy met 'n by gespeel en toe steek die by vir hom in sy vinger. Vir ses weke terug was Pa en Ma hier by ons vir so twee dae hulle het regtig lekker gekuier net jammer dat Arietjie siek was hy was vol waterpokkies. Jy weet seker dat Pa & ma vir Adyla weggebring het Ooslondon toe sy werk nou daar as verpleegster ~~Jy weet.~~ Met ~~Renie~~ gaan dit ook nog goed net sy verlang baie ek kry so af en toe 'n brief van haar en dan kan 'n mens regtig merk dat sy baie verlang. Ook het ek van haar kiekies gekry wat jy vir haar gestuur het. Ja nee by hulle is dit regtig altyd lekker koud. Nou die dag was ek bioskoop toe en toe sien ek vir jou op die skip dit was tog te snaaks. Ook het ek julle reisbeskrywing oor die radio gehoor en dit was nou regtig sommer baie interessant. Net jammer van die twee ongelukke

wat gebeur het. Piet van heyningen trou
more (9 April) in Potchefstroom en oom
Cor en Tante Fryn is 25 Jaar getroud
Die familie de Klerk is uit bethlehem
weg die werk nou in welkom oom
Cor het nou die fabriek toegemaak. Theo
ons hoop jou alles van die beste toe
en hou jou maar taai ons hoop regtig
jy sal gou terug kom want ons verlang
almal baie. Ontvang die beste wense
en baie liefde groete van jou swaer
Arie sister Wil en Klein Arietjie

440